




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## JUNIE 2023

# EKONOMIE V2

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   - AFDELING A: VERPLIGTEND
   - AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   - AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word nie.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.

7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 D.

1.1.1 Daar word gesê dat ŉ besigheid wat by markpryse hou, onder ... marktoestande werk.

A onvolmaakte
B volmaakte
C mislukte
D nywerheids-

1.1.2 Die sluitingspunt in ŉ vryemark-mededingende firma vind plaas wanneer ...

A GI = MI.
B MI > MK.
C GI = GVK.
D MI < MK.

1.1.3 ŉ Kunsmatige mark word deur ... veroorsaak.

A regsbeperkings
B tegniese meerderwaardigheid
C die aard van die produk
D ŉ kombinasie van groot besighede

1.1.4 Monopolistiese mededinging verskil van monopolie as gevolg van ...

A afwaartse skuins vraagkurwe van links na regs.
B die MI-kurwe wat onder die GI-kurwe lê.
C gratis toegang tot die mark.
D die vraagkurwe wat dieselfde as die GI-kurwe is.

1.1.5 Markmislukking word deur … veroorsaak.

A staatsbesteding op meriete goedere
B ongelyke verdeling van rykdom en inkomste
C direkte buitelandse belegging
D verbeterde infrastruktuur

1.1.6 Nie-prys kompetisie is op ... gemik.

A onderskeid tussen die verskillende tipes samespanning
B vermindering van kompetisie
C verhoogde prysbeheer
D die bou van verbruikerslojaliteit

1.1.7 Koste of voordele wat gedra of geniet word deur partye wat nie by die transaksie betrokke is nie, word na as ... verwys.

A eksternaliteite
B implisiete koste
C eksplisiete koste
D interne voordele

1.1.8 ŉ Mark waar kopers en verkopers ontmoet om die uitruil van onwettige goedere te onderhandel, staan as ŉ ... bekend.

A volmaakte mark
B onvolmaakte mark
C swartmark
D sentrale mark (8 x 2) (16)

1.2 Kies ŉ beskrywing uit KOLOM B wat by ŉ item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 J.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Voordeel koste verhouding | A Produkte wat effens in fisiese voorkoms, verpakking, diens en/of handelsname verskil |
| 1.2.2 Mededingings-tribunaal | B Die markprys is nie ŉ suiwer weerspieëling van die skaarsheid van daardie produk nie |
| 1.2.3 Aanbodkurwe | C Die verbruik van ŉ produk deur een persoon, maar nie verhoed dat ander dit geniet nie |
| 1.2.4 Produktiewe doeltreffendheid | D ŉ Korttermyn-tempo van uitset en verkope waarteen ŉ verskaffer genoeg inkomste genereer om vaste en veranderlike koste te dek |
| 1.2.5 Nie-mededinging | E Aanwyser wat die verband tussen die relatiewe koste en voordele van ŉ voorgestelde projek toon |
| 1.2.6 Gedifferensieerde produkte | F ŉ Wetlike liggaam wat die ondersoek en aanbevelings van die mededingings-kommissie aanvaar of verwerp |
| 1.2.7 Gelykbreekpunt | G Hulpbronne word gepas gebruik om die maksimum aantal goedere teen die laagste koste en beste gehalte te produseer |
| 1.2.8 Onvolmaakte mark | H ŉ Skedule wat verskeie pryse van ŉ produk en spesifieke hoeveelhede verskaf, aandui |
| | I Dui aan dat pryse styg namate meer goedere en dienste gelewer word. |

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 Markdeelnemers (kopers en verkopers) het volledige en korrekte inligting oor marktoestande

1.3.2 ŉ Situasie waar dit onmoontlik is om die toewysing van hulpbronne te verander op maniere wat sommige mense beter af sal laat, sonder om iemand slegter daaraan toe te maak

1.3.3 Die som van betalings wat die onderneming ontvang uit die verkoop van sy uitset

1.3.4 ŉ Situasie waar een firma die prys vasstel en die ander firmas dit as markprys aanvaar

1.3.5 Vermindering van alle toekomstige voordele en koste om dit as huidige waardes uit te druk

1.3.6 ŉ Bedryf wat deur twee produsente beheer word (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in jou ANTWOORDEBOEK.

### VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 30 MINUTE

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van veranderlike koste. (2)

2.1.2 Waarom is dit nodig om kostevoordeel-ontleding toe te pas? (2)

2.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**MONOPOLISTIESE KOMPETISIE**

Anders as volmaakte mededinging, het monopolistiese mededingende firmas produkte wat nie perfekte plaasvervangers is nie. Verbruikers het duidelik gedefinieerde voorkeure en verkopers probeer om hul produkte van dié van mededingers te onderskei. Op kort termyn kan die monopolisties mededingende hotel die heterogeniteit van sy handelsmerk uitbuit om positiewe ekonomiese wins te behaal.

Daar is ŉ verskeidenheid hotelopsies beskikbaar wat verskeie geriewe bied van konferensiekamers tot skoonheidsalonne, elke hotel bied iets unieks aan.

[Bron: hotelnewsresource.com/article3232,html. Toegang op 12 Februarie 2023 verkry.]

2.2.1 Noem enige EEN manier waarop die bogenoemde hotelle hul produk kan onderskei. (1)

2.2.2 Watter soort winste word op die lang termyn deur ŉ monopolistiese mededinger gemaak? (1)


2.2.3 Omskryf die begrip *monopolistiese mededinging*. (2)

2.2.4 Verduidelik kortliks *produkdifferensiasie* as ŉ kenmerk van monopolistiese mededinging. (2)

2.2.5 Hoekom sal eienaars van hierdie hotelle op die lang termyn nie ekonomiese wins kan maak nie? (4)

Kopiereg voorbehou

2.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




2.3.1 Identifiseer ekonomiese wins vanuit **MARK B**. (1)

2.3.2 Watter kurwe dui ŉ toename van nuwe toetreders aan? (1)

2.3.3 Omskryf die *begrip mark*. (2)

2.3.4 Verduidelik die rol van die Mededingingskommissie. (2)

2.3.5 Hoekom is die LGK-kromme, u-vormig? (4)

2.4 Verduidelik met behulp van ŉ diagram die implikasie van negatiewe eksternaliteite. (8)

2.5 Hoe kan ŉ besigheid verhoed om die afsluitpunt te bereik? (8)
**[40]**

## VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

**40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE doelwitte van die mededingingsbeleid. (2)

3.1.2 Waarom neig die vraagkurwe van ŉ monopolis afwaarts van links na regs? (2)

3.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SA MEDEDINGINGSKOMMISSIE VERVOLG BANKE VIR SAMENSTAND**

Die Mededingingskommissie van Suid-Afrika het ŉ saak van samespanning na die Tribunaal vir vervolging teen die Bank van Amerika, Merlin Lynch Internasionaal, Beperk Invest Bpk. verwys. Standard Bank van South Africa Beperk, ABSA Bank Beperk en Barclays Bank. Die kommissie ondersoek sedert April 2015 ŉ saak van prysvasstelling en marktoewysing in die verhandeling van buitelandse valuta-pare waarby die Rand betrokke is. Dit het nou die saak na die Tribunaal vir vervolging verwys. Die kompetisie vra ŉ bevel van die Tribunaal wat verklaar dat die respondente die Wet oortree het. Verder soek die Kommissie ŉ bevel wat verklaar dat hierdie banke aanspreeklik moet wees vir die betaling van administratiewe boetes gelykstaande aan 10% van hul jaarlikse omset.

[Bron: www.google.com]

3.2.1 Noem enige EEN tipe samespanning. (1)


3.2.2 Noem EEN kompetisie-instansie wat nie in bogenoemde uittreksel genoem is nie. (1)

3.2.3 Omskryf die begrip *samespanning*. (2)

3.2.4 Verduidelik nie-prys mededinging in ŉ oligopoliemark. (2)

3.2.5 Hoekom sal banke dikwels saamspan hoewel dit onwettig in Suid-Afrika is? (4)

3.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




3.3.1 Identifiseer 'n kromme wat vir die bepaling van prys noodsaaklik is. (1)

3.3.2 Watter soort produkte word deur 'n monopolie vervaardig? (1)

3.3.3 Omskryf die begrip *marginale inkomste (MI).* (2)

3.3.4 Waarom is monopolieë in staat om ekonomiese winste op die langtermyn te maak? (2)

3.3.5 Bereken wins/verlies vanaf die bostaande grafiek. Toon ALLE berekeninge. (4)

3.4 Verduidelik *onvolmaakte mededinging* en *onbeweeglikheid van produksie-faktore* as oorsake van markmislukking. (8)

3.5 Waarom ervaar monopolieë verliese as die enigste produsent in die mark? (8)
**[40]**

## VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van openbare goedere. (2)

4.1.2 Waarom moet ŉ besigheid op die kinkel van die geknikte kromme produseer? (2)

4.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| NORMALE WINS | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | MAATSKAPPY A | MAATSKAPPY B | MAATSKAPPY C | MAATSKAPPY D | MAATSKAPPY E |
| **Totale Inkomste** | 235 650 | 245 698 | 260 500 | 285 440 | 269 788 |
| **Vaste koste** | 45 200 | 35 800 | 39 850 | 41 740 | 38 260 |
| **Veranderlike koste** | 94 520 | 68 477 | 125 630 | 143 700 | 82 650 |
| **Geleentheids-koste** | 100 000 | 100 000 | 100 000 | 100 000 | 100 000 |
| **Totale koste** | 239 720 | 204 277 | 265 480 | 285 440 | 220 910 |
| **Wins/verlies** | (4 070) | 41 421 | (4 980) | 0 | 48 878 |

4.2.1 Identifiseer ŉ maatskappy wat die meeste wins, uit die tabel hierbo, maak. (1)

4.2.2 Watter van die bogenoemde maatskappye toon normale wins? (1)


4.2.3 Omskryf die begrip *normale wins*. (2)

4.2.4 Verduidelik kortliks *implisiete koste*. (2)

4.2.5 Waarom is dit nodig om geleentheidskoste in ag te neem wanneer wins bereken word? (4)

4.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**EKSTERNALITEITE**




Die regering kan poog om die verbruik van nie-merietegoedere deur oorreding te verminder. Dit sal waarskynlik bereik word deur negatiewe adverterings veldtogte, wat die gevare van drink en bestuur, dwelmmisbruik, ens. beklemtoon. Die doel is die teenoorgestelde van normale kommersiële advertensies, naamlik om die vraagkurwe van nie-meriete goedere na links te verskuif. ʼn Inkrimping van die vraag kan bewerkstellig word deur die oplegging van belasting op die nie-merietegoedere. Dit sal die effek hê dat die aanbodkurwe na links verskuif word.

GEVAAR-KITSKOS MAAK DOOD

Meriete en nie-merietegoedere

[Bron: www.sanandres.esc.edu.ar. Toegang op 12 Februarie 2023 verkry.]

4.3.1 Identifiseer enige nie-merietegoedere uit bogenoemde uittreksel. (1)

4.3.2 Watter tipe belasting kan op ʼn nie-merietegoed gehef word? (1)

4.3.3 Beskryf die begrip *negatiewe eksternaliteit*. (2)

4.3.4 Verduidelik nie-mededinging as ʼn kenmerk van openbare goedere. (2)

4.3.5 Hoekom word die verbruik van nie-merietegoedere ontmoedig? (4)

4.4 Verduidelik *die aard van die produk* en *beheer oor markaanbod en -prys* in ʼn volmaakte mark. (8)

4.5 Hoe affekteer beurtkrag klein besighede? (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word.

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is ŉ laer-orde antwoord.<br>• ŉ Goeie beginpunt sal wees om die hoofbegrip wat met die vraagonderwerp te verband hou definieer.<br>• Moenie enige deel van die vraag by die inleiding insluit nie.<br>• Moenie enige deel van die inleiding by die liggaam herhaal nie.<br>• Vermy om in die inleiding te sê wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in detail/In-diepte bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Differensieer/Verduidelik<br><br>**Addisionele deel:** Gee eie opinie/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Teken ŉ grafiek en verduidelik/Gebruik die grafiek wat gegee word en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks/Hoe/Stel voor | Maks. 26<br><br>Maks. 10 |
| **Afsluiting**<br>Enige hoër-orde gevolgtrekking moet die volgende insluit:<br>• ŉ Kort opsomming van wat bespreek is sonder om die feite wat reeds genoem is te herhaal<br>• Enige mening of waarde-oordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Bykomende ondersteunings inligting om die bespreking/analise te versterk<br>• ŉ Teenstrydige standpunt met motivering, indien nodig<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek die monopolie in detail sonder die hulp van grafieke. (26 punte)
- Hoe dra ŉ monopolie tot markmislukking by? (10 punte) **[40]**

**VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Met die behulp van grafieke bespreek staatsinmenging as ŉ gevolg van markmislukking in detail onder die volgende subopskrifte:
  - Minimum lone
  - Maksimum pryse
  - Produsentesubsidie (26 punte)
- Wat kan die regering doen om die negatiewe uitwerking van minimum lone te verminder? (10 punte) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou